higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## TOEGEPASTE POLISIËRING
### NKR VLAK 4

(8011024)

**12 Maart 2018 (Y-Vraestel)**
**13:00–16:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 100**

---

**LET WEL:** Indien jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste aantal nagesien word. ALLE werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A, B en C.
2. Beantwoord slegs EEN vraag in AFDELING D.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Gebruik 'n SWART of BLOU pen.
6. Laat minstens DRIE reëls ná elke vraag oop.
7. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
8. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

## VRAAG 1

Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Watter module word nie gedurende die Leerprogram vir Basiese Polisie-ontwikkeling aangebied nie?

A Gevorderde bestuursvaardighede
B Vuurwapenopleiding
C Dossieradministrasie
D Fisieke fiksheid

1.2 Die samewerkingsproses sluit in vier netwerkvormingsvlakke om te verseker dat groepe en individue saamwerk.

Hierdie vlakke is ...

A kommunikasie, koördinering, samewerking en oorlegpleging.
B vergoeding, koördinering, samewerking en oorlegpleging.
C kommunikasie, kohesie, samewerking en oorlegpleging.
D kommunikasie, koördinering, konsekwentheid en oorlegpleging.

1.3 Die misdaadvoorkomingsdriehoek (uit 'n misdadiger se oogpunt) bestaan uit ...

A geld, gierigheid/hebsug en geleentheid.
B begeerte, vermoë en geleentheid.
C begeerte, sosiale druk en toewyding.
D beplan, voer uit en evalueer.

1.4 Jy besluit om die simposiumaanbiedingsmetode vir die voorlegging aan die polisieagtentskappe te gebruik.

Die simposiumaanbieding kan omskryf word as ...

A interaksie/wisselwerking tussen groep en gehoor.
B wegbreeksessies met klein groepe en terugvoering aan die hele groep.
C 'n reeks individuele voordragte/lesings.
D groeplede wat in 'n halfsirkel sit en met mekaar oor die onderwerpe praat.

Kopiereg voorbehou 

1.5 Die rede(s) waarom die gemeenskap gedurende die aanbieding van die misdaadvoorkomingsplan betrokke behoort te wees, is om ...

A nuwe misdaadvoorkomingsprojekte in werking te stel.
B nuwe raadsfunksies te af te lei.
C bestaande raadsfunksies te verbeter.
D nuwe misdaadvoorkomingsprojekte te beplan.

(5 × 1) **[5]**

**VRAAG 2**

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) uit die onderstaande lys te kies en die antwoord langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

| heuning; posjering; gewone jogurt; braai; rooster; oondbraai; kapokaartappels; vleis |
|---|

2.1 Wanneer kos berei word deur gebruikmaking van die ... metode, word dit as baie gesond beskou.

2.2 ... is 'n voorbeeld van kos met 'n intermediêre GI-waarde.

2.3 Om kos te ... is die ongesondste manier om kos te berei.

2.4 'n Voorbeeld van kos met 'n lae GI-waarde is ....

2.5 'n Voorbeeld van kos met 'n hoë GI-waarde is ....

(5 × 1) **[5]**

**VRAAG 3**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Die rangstruktuur van onderoffisiere in die Suid-Afrikaanse Polisiediens sluit die volgende in: konstabel, sersant, adjudant-offisier en kaptein.

3.2 Die doel van die bandweerstandaktiwiteit in die vaardighede-en-vrees-fiksheidstoets is om jou vermoë te beoordeel om in beperkte ruimtes te beweeg.

3.3 Strategiese vennootskappe kom deur middel van hoëvlakooreenkomste tussen organisasies tot stand.

3.4 Die Suid-Afrikaanse Polisiediens het sy eie opleidingsafdeling wat leer-programme moet ontwikkel en implementeer ten einde alle polisielede te ontwikkel.

Kopiereg voorbehou 

3.5 'n Intermediêre kardiorespiratoriese-oefensessie handhaaf 'n harttempo van 70 tot 80 persent van die maksimum harttempo vir die grootste deel van die oefensessie.

3.6 Polisiebeamptes moet onder meer die volgende range salueer: Die hoofregter, kabinetministers, adjunkministers en alle kommissieoffisiere van die SAPD en SANW.

3.7 Gedurende die identifisering van probleme met polisieonderwys, -opleiding en -ontwikkeling, kan kwalitatiewe navorsing gebruik word wat statistieke deur middel van die gebruik van grootskaalse opnames genereer.

3.8 'n Voorbeeld van 'n informele vennootskap is 'n vennootskap tussen die Suid-Afrikaanse Polisiediens, SANW se militêre polisie en die provinsiale regering.

3.9 Die doel van die toringhindernis in die vaardighede-en-vrees-fiksheidstoets is om die krag in die laer en boonste deel van die liggaam asook hand-oog-koördinasie te assesseer.

3.10 In jou navorsing moet jy slegs van die internet gebruik maak tydens die voorbereidingsfase van jou aanbieding aan die gemeenskap rakende 'n misdaadvoorkomingsplan, omdat die internet die enigste bygewerkte en betroubare bron is.

(10 × 1) **[10]**

**VRAAG 4**

Kies 'n woord uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| | **KOLOM A**<br>**VERANDERINGE IN MISDAAD** | | **KOLOM B**<br>**MISDAADVERPLASING** |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Een oortreder staak aktiwiteite en word deur 'n ander oortreder vervang | A | funksioneel |
| | | B | takties |
| 4.2 | Verskuiwing in misdaad van een tyd na 'n ander | C | monetêr |
| 4.3 | Om 'n ander slagoffer te kies | D | temporaal |
| 4.4 | Die oortreder hou op om een tipe misdaad te pleeg en begin om 'n ander tipe misdaad te pleeg | E | situasioneel/omstandigheids- |
| | | F | pleger/dader |
| 4.5 | Die oortreder verander die metode wat hy/sy gebruik | G | teiken |
| | | H | individueel |

(5 × 1) **[5]**

**TOTAAL AFDELING A: 25**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING B

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

## VRAAG 5

5.1 Noem die verskillende benaderings tot misdaadvoorkoming en gee 'n praktiese voorbeeld van elk. (6)

5.2 Noem en verduidelik enige EEN van die misdaadvoorkomingsmodelle wat gebruik moet word wanneer 'n misdaadvoorkomingsbenadering en -plan geformuleer word. (2)

5.3 Verduidelik die inwerkingstelling van die SARA-model in 'n misdaadvoorkomingsplan.
Nota aan leerder: Noem die fases van die SARA-model en wat elkeen behels. (4)

5.4 Verduidelik hoe 'n misdaadvoorkomingvennootskap gesond gehou moet word. (4)

5.5 Verduidelik kortliks die TWEE vrae wat gedurende die hersiening van 'n vennootskap beantwoord moet word. (2 × 2) (4)

5.6 Noem en verduidelik die ADDIE-model wat gedurende die ontwikkeling van leerprogramme gebruik word. (5)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING C

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

## VRAAG 6

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

Gedurende 'n roetinepatrollie om 02:00 in die oggend het konstabel Nene en sersant Bandjies opgemerk dat 'n huis se deur oop was. Hulle het besluit om die verdagte omstandighede te ondersoek. Toe die twee polisiebeamptes die huis binnegaan, het hulle waargeneem dat 'n onbekende man op die sitkamervloer lê met verskeie skietwonde in sy bors. Konstabel Nene het vinnig na die onbekende man gegaan en gekyk of hy lewe. Hy het daarna vir sersant Bandjies ingelig dat die persoon dood was.

Die twee polisiebeamptes het begin om die onbekende man te deursoek vir identifikasie en hulle het hom selfs opgelig om sy agtersakke te deursoek. Konstabel Nene het aangedui dat hy sleg gevoel het en het op een van die stoele in die sitkamer gaan sit en 'n sigaret opgesteek. Sersant Bandjies het hom emosioneel bygestaan. Die konstabel het beter gevoel nadat hy die sigaret gerook het en hulle het voortgegaan om die sitkamergedeelte te deursoek. Die bewysstukke wat hulle gevind het, was vier koeëldoppies, 'n sigaretstompie, leë wynglase en 'n bloedspoor. Die bewysstukke is ingesamel en in 'n plastiekinkopiesak geplaas en verseël.

Net toe die twee polisiebeamptes die volgende taak bespreek wat hulle moes uitvoer, het hulle 'n venster hoor breek en toe hulle na die eerste slaapkamer hardloop, het hulle gesien hoe 'n onbekende man weghardloop en oor die heining spring. Die twee polisiebeamptes het die verdagte agternagesit. By die heining kon sersant Bandjies nie oor die muur kom nie en konstabel Nene het die verdagte alleen agternagesit. Sersant Bandjies het na die huis teruggekeer. Nadat hy 400 meter gehardloop het, het konstabel Nene gestop omdat hy te moeg was om voort te gaan, en besef dat hy 'n spier in sy arm beseer het. Hy het toe ook na die huis teruggekeer.

By sy aankoms by die huis het konstabel Nene lede van die gemeenskap in die sitkamer aangetref. Hulle het na die liggaam van die onbekende man gekyk en wou weet wat gebeur het. Konstabel Nene het hulle versoek om te gaan en gesê dat hy hulle later terugvoering sou gee. Hy het na sersant Bandjies gegaan wat besig was om noodhulp op 'n onbekende vrou in die tweede slaapkamer toe te pas.

Die gemeenskap was luidrugtig buite die huis en het geëis dat die polisie 'n einde maak aan die misdade wat in die area gepleeg word.

Kopiereg voorbehou 

6.1 Noem wat die twee polisiebeamptes verkeerd gedoen het toe hulle die misdaadtoneel ondersoek het en gedurende die verrigtinge daarna. (5)

6.2 Noem die stappe en verduidelik wat die twee polisiebeamptes as die eerste mense op die misdaadtoneel moes gedoen het deur na hul pligte en verantwoordelikhede te verwys. (5)

6.3 Noem enige DRIE kundiges wat kan help gedurende die ondersoek na hierdie misdaadtoneel en noem die pligte wat elkeen van hulle uitvoer. (3 × 2) (6)

6.4 Verduidelik kortliks hoe die polisiebeamptes (eerste mense op die toneel en ander spesialiste) die bewysstukke moes verwerk het om die toelaatbaarheid daarvan in 'n geregshof te verseker. (4)

6.5 Noem enige TWEE kategorieë oefening wat die twee beamptes behoort te doen om hulle te help met die fisieke eise wat polisiëring stel, soos om 'n verdagte agterna te sit en in hegtenis te neem. (2)

6.6 Die gemeenskapslede wil 'n vennootskap vestig om te help met die huisbrake en ander misdade in die gebied.

Verduidelik kortliks die VIER stappe wat gevolg moet word om 'n vennootskap te vestig. (4 × 2) (8)

**[30]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**

## AFDELING D

Beantwoord óf VRAAG 7 óf VRAAG 8.

### VRAAG 7

Verduidelik breedvoerig die VIER fases van die nasionale misdaadvoorkomingstrategie met betrekking tot misdaadvoorkomingsprogramme.

**LET WEL: Jou verduideliking behoort AL die fases en stappe wat gevolg moet word te dek.** **[20]**

**OF**

### VRAAG 8

Verduidelik IN VOLGORDE AL die stadiums wat tydens die ondersoek na 'n misdaad gevolg moet word. **[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou